**Die werk van die Heilige Gees (OP243)**

**Joh 16:4b-15**

**28 Desember 2025**

Laaskeer het ons gesien dat die Here Jesus die dissipels gewaarsku het: Omdat hulle in so ‘n intieme verhouding met Hom is, sal die wêreld hulle ook haat, soos wat die wêreld die Here Jesus haat. Immers is ‘n slaaf nie belangriker as sy eienaar nie. Die wêreld sal die dissipels, en ook die gelowiges, haat, omdat hulle nie meer deel van die wêreld is nie – hulle is deur die Here God uitgekies, en hulle behoort nou aan die Here Jesus. Boonop: Die wêreld haat die Here Jesus, hulle haat Sy woorde en hulle haat ook Sy werke – dit is so anders as die dissipels en gelowiges wat hulle verlustig in die Here Jesus en Sy werk, en daarom haat die wêreld hulle. Maar die dissipels en die gelowiges is nie weerloos teen die haat van die wêreld nie: Die Here Jesus het beloof dat Hy Sy Heilige Gees sal stuur om by die dissipels te wees. Die Heilige Gees is die Gees van waarheid, en Hy sal die dissipels herinner aan die woorde van die Here Jesus, en hulle hierin onderrig. Maar daarmee saam het die dissipels ook ‘n opdrag ontvang: Soos wat die Heilige Gees teenoor hulle getuig oor die Here Jesus, so moet hulle nou ook op hulle beurt uitgaan om te getuig. Alhoewel hierdie bemoediging van die Here Jesus primêr gemik was op die dissipels daardie aand in die bovertrek, het gelowiges in die algemeen ook hierdie verantwoordelikheid, al is dit nie heeltemal op dieselfde vlak as wat dit waar was van die dissipels daardie aand nie. Die feit van die saak is egter: die dissipels kon vervolging verwag, en hulle kon verwag hierdie vervolging sal swaar wees.

Lees Joh 16:4b. Die Here Jesus sê dat Hy tot nou toe nie al hierdie gewigtige sake wat Hy nou in die bovertrek met hulle bespreek het, aan hulle verduidelik het nie – dit sluit die feit in dat Hy weggaan, en dat hulle dan kan verwag om deur die wêreld gehaat te word en vervolg te word nie. Die rede waarom Hy dit nie vroeër met hulle bespreek het nie, is omdat Hy tot nou toe by hulle was. Tot nou toe was Hy die primêre fokus van die wêreld se haat, en Hy kon die dissipels tot ‘n groot mate beskerm daarteen.

Lees Joh 16:5. Die realiteit is egter: Die Here Jesus staan nou op die punt om weg te gaan, en daarom verduidelik Hy nou al hierdie dinge aan hulle. En dan maak die Here Jesus die onverwagte stelling, dat alhoewel Hy op die punt staan om weg te gaan, tog vra nie een van die dissipels vir Hom “Waarheen gaan U?” nie. Hierdie opmerking van die Here Jesus is onverwags, want vroeër die aand, in Joh 13:36, het Petrus presies hierdie vraag gevra: “Here, waarheen gaan U?”. En bietjie later, in Joh 14:5, het Thomas gevra: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg ken?” Daar is al baie geskryf en geredeneer om hierdie teenstrydigheid te verduidelik – veral Don Carson brei in detail uit oor verskillende sienings om dit te verduidelik. Ek gaan nie in detail hierop in nie – beide Carson en Johnston kom in hulle kommentare by dieselfde antwoord. Hulle verduidelik dit soos volg: Ja, dit is so dat Petrus en Thomas vroeër die aand die vraag gevra het. Maar op daardie stadium was hulle geskok oor die feit dat die Here Jesus weggaan, en dat hulle persoonlike verlies gaan lei deur Sy weggaan. Alhoewel hulle die vraag gevra het, was hulle bedoeling nie soseer om te leer waarheen die Here Jesus gaan nie, hulle wou eerder net hulle ontsteltenis ten toon stel. Hulle was nie primêr geïnteresseerd in Sy eindbestemming nie, veel eerder net in hulle verlies. Soos ‘n seuntjie wat saam met sy pa sou gaan visvang, maar skielik val iets voor, en die pa moet iewers anders heengaan. Ja, die seuntjie mag vra: “Waar gaan Pa?”, maar dit maak nie regtig aan hom saak waarheen sy pa gaan nie, die oorheersende punt vir hom is hulle gaan nie meer visvang nie, en hy maak sy misnoeë hieroor bekend. Lees Joh 16:6. Dit was ook die geval met die dissipels – hulle harte was vol droefheid. Maar die Here Jesus wil in Sy gesprek met hulle verder gaan – Hy wil juis aan hulle

verduidelik wat die gevolg gaan wees van Sy weggaan. Hy wil hê hulle moet verder kyk as net hulle onmiddelike verlies, Hy wil dat hulle iets van hierdie heerlike gevolge sal begryp.

Lees Joh 16:7. Die Here Jesus onderstreep dat wat Hy nou vir hulle gaan sê is die waarheid. Dit sal vir hulle goed wees om deeglik hiervan kennis te neem. Die probleem met die misplaaste fokus van die dissipels wat beperk is tot hulle eie verlies, is dat hulle die groter prentjie rakende die weggaan van die Here Jesus nie raaksien nie. Die Here Jesus verduidelik dat dit tot hulle voordeel sal wees as Hy weggaan – en die rede waarom dit voordelig gaan wees, is omdat Sy weggaan tot gevolg sal hê dat die Parakleet, oftewel die Heilige Gees, dan kan kom. Die Heilige Gees sal nie kom as die Here Jesus nie weggaan nie. Weereens wil die Here Jesus die dissipels bemoedig. Weereens wil Hy hulle juis bemoedig met die belofte rakende die koms van die Heilige Gees. Maar Hy wil ook hê hulle moet goed verstaan dat die Heilige Gees net kan kom indien Hy weggaan.

Nou kan ons met reg die vraag vra: Hoekom kan die Heilige Gees nie kom as die Here Jesus nie weggaan na die Vader nie? Is dit omdat die Heilige Gees en die Here Jesus nie gelyktydig op dieselfde plek mag wees nie? Natuurlik kan dit nie die rede wees nie: In Gen 1 lees ons dat die Heilige Gees op die waters gesweef het, terwyl die Here Jesus die Een is deur wie God geskep het – Beide was daar. In Op 4 en 5 lees ons van die hemelse troonvisioen wat Johannes gesien het – daar lees ons dat die Heilige Gees vlak voor die troon was, en dat die Here Jesus in die middel van die troon was – Beide was daar. Nee, daar is 'n ander rede hoekom die Heilige Gees nie kan kom voor die Here Jesus na die Vader gaan nie. Blaai na Eseg 36:24-27. Lees dit. In hierdie verse lees ons die bekende aankondiging van die nuwe verbond wat op pad was. Hier het die Here beloof dat Hy vir Hom 'n volk uit die nasies sal neem. Hy sal rein water op hulle sprinkel – en dan sal hulle rein wees. Waarna verwys hierdie reiniging met die skoon water? Tog sekerlik na die reiniging wat die Here Jesus vir die sondes van gelowiges sou bewerk. Wanneer gaan die Here Jesus dit bewerk? Op die dag na die bovertrek gesprek, wanneer Hy oorgelewer gaan word om gekruisig te word. Aan die kruis gaan Hy geregtigheid bewerk vir die gelowiges. Boonop gaan Hy sterf, en dan ook opstaan – sodat Hy sodoende ook die dood sal oorwin – die dood wat juis die loon van die sonde is. Daarna gaan Hy opvaar na die hemel en gaan Hy aan die regterhand van die Vader sit – 'n bewys dat die Vader die offer van die Here Jesus aanvaar het en Hom daarom toegelaat het om langs Hom in die hemel te kom sit. Dit alles lei dus na die punt waar die Here Jesus weggaan na die Vader. Dit alles begin op die volgende dag, en binne 'n paar weke sou die Here Jesus weg wees – maar in die proses is geregtigheid bewerk, en dit is tot voordeel van die dissipels en alle gelowiges. Maar lees nou weer Eseg 36:26-27. Nie net behels die verlossing van die Here dat daar rein water is waardeur die gelowiges gereinig kan word nie – boonop gaan die Here ook aan die gelowiges nuwe harte gee, en Hy gaan Sy Heilige Gees in hulle harte gee sodat hulle Sy bepalings kan nakom en uitvoer. Ja, hulle moet gehoorsaam aan die Here gaan leef, maar hulle moet ook uitgaan en getuig, en dit terwyl die wêreld hulle gaan haat. Hulle gaan hierdie innerlike krag van die Heilige Gees nodig hê. En dit is juis die punt van die Here Jesus daardie aand in die bovertrek: Hy moet eers geregtigheid gaan bewerk, sodat mense gereinig kan word. Maar dit behels dat Hy na die Vader in die hemel toe moet gaan – as bewys dat die Vader Sy offer aanvaar. Eers as dit bewerk is, kan die Heilige Gees kom om in die harte van mense te werk om in die Here Jesus te glo en om sodoende deel te kan kry aan Sy geregtigheid, en om hulle toe te rus om die opdragte van die Here uit te voer – onder andere ook om uit te gaan en te getuig te midde van 'n wêreld wat hulle haat. Dit is die groot prentjie wat die Here Jesus vir Sy dissipels skets, wat Hy wil hê dat hulle moet verstaan. Dit is as hulle dit alles kan begryp, dat hulle oor hulle droefheid kan kom net omdat Hy weggaan. Mark Johnston skryf: "The agony of Calvary is the precursor for the joy of Pentecost". Golgota moet eers gebeur, voor die Heilige Gees uitgestort kan word. Don Carson skryf: Dikwels sê mense onnadenkend hulle wens hulle het geleef in die tyd

toe die Here Jesus hier op aarde was. Maar hierdie begeerte hou nie rekening met die Here Jesus se oordeel dat dit voordeliger is om te leef in die tyd na die uitstorting van die Heilige Gees nie.

In die res van die gedeelte wat ons vandag oordink, leer ons nou van drie rolle wat die Heilige Gees sal vervul wanneer Hy kom: (1) Die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh 16:8-11), (2) Die Heilige Gees sal die dissipels in die volle waarheid lei (Joh 16:12-13), en (3) Die Heilige Gees sal die Here Jesus verheerlik (Joh 16:14-15). Kom ons oordink elkeen van hierdie rolle.

<u>Die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh 16:8-11)</u>

Lees Joh 16:8-11. Let op die struktuur van hierdie paar verse: Vers 8 gee die samevatting van die verse: Die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Daarna beskryf verse 9-11 die detail van die werk van die Heilige Gees: Eerstens dat die Heilige Gees die wêreld sal oortuig van sonde (v9), tweedens van geregtigheid (v10) en laastens van oordeel (v11).

Ons lees dat die Heilige Gees die "wêreld" sal oortuig – teen hierdie tyd weet ons dat "wêreld" verwys na die sondegevalle mensdom, dit verwys dus na ongelowiges, oftewel heidene. Ja, ons weet dat die Heilige Gees ook in gelowiges werk en dat Hy in hulle woon. Maar die fokus hier val op die werk van die Heilige Gees in ongelowiges. Waarvan ons hier lees, is hoe die Heilige Gees in ongelowiges werk, en as hierdie mense oortuig word van wat die Heilige Gees hulle leer, kom hulle uit die wêreld, en hulle word deel van die gelowiges, deel van God se koninkryk. En dan werk Hy verder in hulle harte soos wat ons vroeër in Eseg 36 gelees het. Natuurlik reageer nie almal in die wêreld positief op die werk van die Heilige Gees nie – sulke mense bly dan in die wêreld, maar hulle is deur die Heilige Gees gewaarsku, en kan dus nie onkunde pleit nie. Kan ek jou ook herinner aan Joh 15:26-27 waar ons geleer het dat die Heilige Gees gaan kom om te getuig, maar die dissipels moet ook getuig. Ons moet aflei dat as die Heilige Gees gaan kom om aan die wêreld te getuig, dan getuig Hy deur die dissipels, en ook die gelowiges, aan die wêreld.

Ons lees dat die Heilige Gees die wêreld sal "oortuig" – daar is al baie gedebatteer oor die betekenis van hierdie woord "oortuig". Mark Johnston sê dit beteken Hy gaan die harte en die gewetens van die mense wat deel van die wêreld is, aanraak. Don Carson sê dit beteken Hy gaan die mense ontbloot, Hy gaan hulle oortuig, maar Hy gaan hulle ook veroordeel. Die punt is: Die Heilige Gees sal mense in die wêreld se harte ontbloot. Dit kan óf daartoe lei dat hulle oortuig word, en hulle dus bekeer en uit die wêreld kom, óf dit kan daartoe lei dat hulle veroordeel word.

Kom ons kyk nou na die drie sake waarvan die Heilige Gees die wêreld sal oortuig:

- **Sonde (v9):** Die Heilige Gees sal die wêreld van sonde oortuig, en let op: Die rede waarom die Heilige Gees die wêreld van sonde sal oortuig, is omdat hulle nie in die Here Jesus glo nie. Die realiteit is dat die wêreld nie oortuig is dat hulle sonde het nie. Dit word duidelik uit die feit dat hulle nie in die Here Jesus glo nie. Hy het juis gekom om die sondenood van die wêreld aan te spreek. Maar die wêreld sien nie hulle eie nood raak nie, en gevolglik ook nie die Here Jesus as die Saligmaker nie. Dit verg eenvoudig 'n werk van die Heilige Gees om mense te oortuig van sonde, en dus ook van hulle behoefte aan die Here Jesus.
- **Geregtigheid (v10):** Die Heilige Gees sal ook die wêreld oortuig van geregtigheid. Natuurlik is dit so dat as die wêreld nie oortuig is van sonde nie, is hulle ook nie oortuig dat hulle behoefte het aan geregtigheid nie. Hulle is oortuig hulle is geregtig, of as jy wil, hulle is oortuig hulle is regverdig. Dink maar aan die gedrag wat ons telkens by die Jode gesien het: Hulle het geredeneer hulle is regverdig, want hulle het die tempel in hulle midde – maar die Here Jesus het gedemonstreer dat hulle tempel gereinig moet word. Hy is immers die ware

tempel. Die Jode het geredeneer hulle is regverdig, want hulle onderhou die sabbat – anders as die Here Jesus wat op die sabbat iemand gesond gemaak het. Maar die Here Jesus het kom leer Hy is die Heer van die sabbat – Hy is die Een wat ware rus kan gee. Die Jode het geredeneer hulle is regverdig, want hulle het die wet van God. Maar die Here Jesus het kom leer Hy is die vervulling van die wet. Die punt om raak te sien is dat selfs die Jode het die Heilige Gees nodig om hulle te oortuig hulle selfregverdiging het nie waarde nie. Nee, hulle het behoefte aan 'n ander geregtigheid – die geregtigheid wat die Here Jesus oor die loop van die volgende paar dae sou bewerk: Sy ware offer aan die kruis om versoening vir sonde te bewerk, Sy opstanding uit die dood om die dood as straf op die sonde te oorwin, Sy hemelvaart as bewys dat die Vader hierdie geregtigheid wat Hy bewerk het, aanvaar vir elkeen wat in Hom glo. Dit is hoekom vers 10 sê die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van geregtigheid – omdat Hy na die Vader gaan: Sy weggaan na die Vader met Sy hemelvaart is die bewys dat die Vader Sy geregtigheid erken. Dit is hierdie geregtigheid waaraan die wêreld behoefte – dit is oor hierdie geregtigheid dat die Heilige Gees die wêreld wil ontbloot, hulle hiervan wil oortuig, of hulle wil veroordeel as hulle nie oortuig word nie. Maar natuurlik moes die Here Jesus eers hierdie geregtigheid bewerk, voor die Heilige Gees hiervan kan getuig.

- **Oordeel (v11):** Die Heilige Gees sal ook die wêreld oortuig van oordeel, omdat die heerser van die wêreld reeds geoordeel is. Die "heerser van die wêreld" is natuurlik die duiwel – hy is die aanvoerder van die ongelowiges. Omdat die wêreld nie oortuig is van sonde nie, omdat hulle oortuig is hulle is in hulleself geregverdig, daarom is alles volgens hulle reg. Daarom is daar by hulle ook geen verwagting van oordeel nie. Die harde realiteit is egter dat hulle aanvoerder, die duiwel, reeds oorwin en geoordeel is – dit het op die dag na die bovertrek gesprek plaasgevind, gedurende daardie drie ure van duisternis toe die Here Jesus aan die kruis gehang het. Al is die wêreld onbewus daarvan dat hulle aanvoerder reeds oorwin en geoordeel is, is dit die ware toedrag van sake. Die Heilige Gees sal moet kom om hulle hiervan te oortuig. Maar weereens is dit natuurlik nodig dat die Here Jesus eers die duiwel moet veroordeel, voordat die Heilige Gees kan kom om hiervan te getuig.

Opsommend: Dit is tot voordeel van die dissipels dat die Here Jesus moet weggaan, siende dat dit die manier is waarop Hy geregtigheid sal bewerk. Nadat Hy dit bewerk het, kan die Heilige Gees kom om hiervan te getuig teenoor die wêreld, deur die dissipels.

Die Heilige Gees sal die dissipels in die volle waarheid lei (Joh 16:12-13)

Lees Joh 16:12. Daar is nog baie dinge wat die Here Jesus aan Sy dissipels sou kon verduidelik, maar teen hierdie stadium is dit duidelik dat hulle dit nie alles behoorlik kan verwerk nie. Ons het mos gesien hoe hulle net vasgehaak het by hulle persoonlike verlies as die Here Jesus sou weggaan, en dat die Here Jesus spesifiek aan hulle moes wys maar daar is soveel meer wat sal realiseer deurdat Hy weggaan. Maar dit was alles eenvoudig te veel en te oorweldigend vir die dissipels. Natuurlik is dit egter nog meer rede tot kommer: Die Here Jesus gaan weg, hulle bly agter, hulle weet dit gaan by tye swaar wees, maar hulle verstaan nie eens wat dit alles beteken nie.

Lees Joh 16:13. Hier is die verdere rol van die Heilige Gees. Bo en behalwe dat die Heilige Gees die wêreld sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, sal die Heilige Gees ook tot direkte voordeel vir die dissipels wees: Hy sal hulle in die volle waarheid lei en die toekomstige dinge aan hulle bekend maak. Kan ek jou herinner aan wat ons alreeds in Joh 14:26 oor die Heilige Gees geleer het: Hy sal die dissipels in alles onderrig en hulle herinner aan wat die Here Jesus vir hulle gesê het. Daar was die belofte dat die Heilige Gees die dissipels sal onderrig in alles wat die Here Jesus gesê het.

Maar hier in Joh 16:12 het die Here Jesus nou reeds gesê Hy kon nie alles vir hulle sê wat Hy graag sou wou sê nie – want dit is net te veel vir die dissipels om te verwerk. Die bemoediging van die Here Jesus in vers 13, is dat die Heilige Gees gaan kom, en dan gaan die Heilige Gees hulle nie net herinner en onderrig in die dinge wat die Here Jesus wel vir die dissipels gesê het nie (dit is wat Hy in Joh 14:26 beloof het) – nee, die Heilige Gees gaan meer as dit doen: Hy gaan die dissipels in die volle waarheid lei. Hierdie "volle waarheid" sluit ook daardie dinge in wat die Here Jesus nie nou vir hulle kon sê nie. Nou kan ons met reg vra: Maar wat is hierdie volle waarheid? Wel, onthou wat die Here Jesus vroeër die aand in Joh 14:6 gesê het: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie". Die punt is: Die Here Jesus is die waarheid. Hy is die enigste Een deur wie iemand by die Vader kan uitkom. Die Heilige Gees is die Gees van die waarheid. Hy gaan juis die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel – oftewel hoe om by die Vader uit te kom. Dit is die waarheid: Dat die Here Jesus die enigste Een is deur wie iemand by die Vader kan uitkom. Wat die Here Jesus nou aan die dissipels beloof is dat die Heilige Gees gaan kom en hulle in hierdie volle waarheid lei. Ja, Hy het die konsep van die waarheid aan hulle verduidelik. Hy het probeer verduidelik hoe Sy weggaan juis dit alles gaan moontlik maak. Maar al die fynere detail kan Hy nie nou aan hulle verduidelik nie, want dit is te veel vir die dissipels. Maar die Heilige Gees gaan hulle in die volle waarheid inlei. Vers 13 voeg ook by dat die Heilige Gees aan hulle die toekomstige dinge sal bekend maak. Die "toekomstige dinge" verwys heelwaarskynlik na die dinge wat op hierdie aand in die bovertrek nog toekomstig was, maar wat die volgende dag, en die volgende paar weke sou gebeur, en ook die implikasies hiervan vir die laaste dae, tot aan die einde van die tyd.

Ek dink dit is belangrik om daarop te let dat die Here Jesus beloof het die Heilige Gees gaan hulle in hierdie volle waarheid lei – dit beteken nie die Heilige Gees gaan die dissipels in alle waarheid lei nie, maar Hy gaan hulle wel in hierdie waarheid met die Here Jesus as inhoud lei, en in hierdie waarheid gaan Hy hulle ten volle lei – sodat hulle alles kan verstaan wat nodig is om te verstaan oor hoe die Here Jesus die weg en die waarheid en die lewe is. Natuurlik is hierdie belofte veral van belang vir die dissipels wat daardie aand in die bovertrek was – immers sou hulle groot dele van die Nuwe Testament onder leiding van die Heilige Gees moes skryf, immers sou hulle deel van die fondament van die Nuwe Testamentiese kerk word. Dit is die Heilige Gees wat hulle sou lei om die volle waarheid te verstaan, dit te kon neerskryf en ook daarvan kon getuig.

<u>Die Heilige Gees sal die Here Jesus verheerlik (Joh 16:14-15)</u>

Bo en behalwe die rol van die Heilige Gees om die wêreld te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, asook die rol om die dissipels in die volle waarheid te lei, is daar nog 'n spesifieke rol waarvan ons moet kennis neem. Dit staan nie los van die ander rolle wat ons reeds bespreek het nie, maar dit onderstreep die fokus van die Heilige Gees in die uitvoer van hierdie rolle. Lees Joh 16:14-15. Die belangrike fokus van die Heilige Gees is: Hy sal die Here Jesus verheerlik.

Kom ons dink hieroor: Uit vers 14 is dit duidelik dat die Heilige Gees gaan kom bekend maak wat Hy van die Here Jesus ontvang. Soos ons gesien het, kon die Here Jesus nie alles aan Sy dissipels leer nie, wat Hy nie kon leer nie omdat die dissipels dit nie kon begryp nie, dit sal die Here Jesus aan die Heilige Gees gee, en die Heilige Gees gaan dit dan vir die dissipels leer. Die punt is: Die Heilige Gees gaan net leer wat die Here Jesus Hom gee om te leer. Die Heilige Gees en die Here Jesus is dus belyn.

In vers 15 sê die Here Jesus egter ook alles wat die Vader het, is ook Syne. Voeg hierby wat ons in Joh 14:10-11 gelees het: "Die woorde wat Ek vir julle sê, sê Ek nie uit Myself nie, maar dit is die Vader wat in My bly en Sy werke doen. Glo My dat Ek in die Vader en die Vader in My is; of glo dan op grond van die werke self." Die punt is: Die Here Jesus se woorde en Sy werke, is ook die woorde

en werke van die Vader. Die Here Jesus en die Vader is dus ook belyn. En die Heilige Gees en die Here Jesus is belyn. Dus is aldrie Persone in die Drie-Eenheid belyn.

Let nou verder op die volgende: Hier lees ons dat die Heilige Gees die Here Jesus sal verheerlik. In Joh 17 sal ons sien die Vader verheerlik die Seun, en die Seun verheerlik die Vader. Weereens is aldrie Persone in die Drie-Eenheid belyn en werk saam na die verheerliking van die Drie-Enige God.

En tog is daar iets unieks aan die Seun wat ons nie moet mis nie:

- Ons het vandag al iets daarvan gesien: Die Heilige Gees is die Gees van die waarheid – maar die Here Jesus is die waarheid. Die Heilige Gees praat nie uit Homself nie – Hy maak net Christus se woorde bekend. Ek hoop dit is duidelik: daar is iets unieks aan die Here Jesus wat nie waar is van die Heilige Gees nie. Hy is die waarheid, waarvan die Heilige Gees , as die Gees van die waarheid, net kan getuig.
- Of dink aan Joh 1:1. Die Here Jesus is die Woord. Hy is God se Woord. Die Heilige Gees getuig oor die woorde van die Here Jesus – maar die Here Jesus is die Woord, nie die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees getuig net oor die Here Jesus se woorde.

Let op: Ek probeer nie redeneer dat die Here Jesus meer belangrik of meer verhewe is as die Heilige Gees nie. Ek probeer net onderstreep daar is iets unieks aan die Here Jesus waarvan ons moet kennis neem: Hy is die Woord en die Waarheid – die Heilige Gees daarteenoor is die Gees van die waarheid wat oor Hom en Sy woorde getuig.

Kom ons kyk na nog 'n paar tekste wat oor die Here Jesus handel, en ek hoop hulle sal vir ons duidelik maak wat daardie uniekheid van die Here Jesus is:

- Joh 1:14 – Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon – en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos die van die unieke Seun van die Vader. Die punt is: Die Here Jesus het mens geword, en toe kan ons Hom sien (anders as die Vader en die Heilige Gees). En wat ons toe sien, is Sy heerlikheid, en dit is ook die heerlikheid van die Vader. Kortom: Die Here Jesus se menswording het die heerlikheid van die Vader kom sigbaar maak, soos wat die Vader en die Heilige Gees dit nie gedoen het nie.
- Joh 1:18 – Niemand kon God sien nie – immers is God Gees. Maar toe kom die Here Jesus as die unieke Seun van God, en Hy maak die Vader aan ons bekend – nie die Vader wat Homself kom bekend maak nie, dit was die Here Jesus wat die Vader kom bekend maak het.
- Kol 1:15 – Die Seun is die beeld van die onsigbare God. Dit is juis die Seun wat die onsigbare God aan ons bekend kom maak het.
- Kol 1:19 – God het dit goedgevind om die hele volheid in Hom te laat woon (2020 DAV), God het besluit om met Sy volle wese in Hom te woon (1983 NAV). God se volle wese woon in die Here Jesus. As jy die wese van God wil leer ken, kan jy na die Here Jesus gaan kyk – Hy maak God se hele wese bekend.
- Kol 2:9 – Want in Hom woon die hele volheid van die Godheid liggaamlik. Dit is genoeg om jou duiselig te laat: Die Here Jesus beliggaam die volheid van God.
- Heb 1:3 – Die Here Jesus is die uitstraling van God se heerlikheid, Hy is die ewebeeld van Sy wese.

Geliefdes, hierdie is duiselingwekkende stellings. Weereens, ek probeer glad nie redeneer dat die Seun verhewe is bo die Vader of die Heilige Gees nie. Maar die belangrike punt waarvan ons moet kennis neem, is dat die Drie-Enige God besluit het om Hulle aan ons te openbaar juis deur die Seun – deur Sy woorde en werke. Ja, Sy woorde en werke strook met die Vader se woorde en werke, ja die Heilige Gees getuig juis oor Sy woorde en werke en help ons om die volle waarheid te verstaan.

Maar dit is die Here Jesus wat die waarheid is. Hy maak die Vader aan ons sigbaar. Hy is die ewebeeld van God. God woon in Sy volle wese in Hom. Hy is die uitstraling van God se heerlikheid. As jy die Here God wil leer ken, sal jy die Here Jesus moet leer ken – Hy is die openbaring van God. Dink aan die Bybel wat God se openbaring aan die mensdom is: Die Here Jesus is die inhoud van die profesieë en tipes en skadu's in die Ou Testament. Die Here Jesus is die inhoud van die evangelies. En die res van die Nuwe Testament getuig oor Hom onder leiding van die Heilige Gees. Die boek Openbaring kyk vooruit na Sy wederkoms as die Regter om te kom oordeel. Maar in die proses leer ons die Drie-Enige God ken deur die woorde en werke van die Here Jesus.

Daar was al tye wat ek gewonder het of ons nie dalk te veel fokus op die Here Jesus plaas ten koste van die ander Persone in die Drie-eenheid nie. Gereformeerde gelowiges word dikwels beskuldig dat ons die werk van die Heilige Gees onderwaardeer – en ek ontken nie dat daar moontlik hierdie gevaar is nie. Maar as ek lees dat die fokus van die Heilige Gees se getuienis is om ons in die volle waarheid oor die Here Jesus in te lei, en dat die Here Jesus die Een is deur wie die Drie-Enige God in besonder Homself openbaar, dat Hy die beliggaming is van die volheid van God, dan kom ek tot die gevolgtrekking ons loop 'n baie groter gevaar: Om die openbaring van die Drie-Enige God deur die Here Jesus te onderwaardeer. Ek staan dikwels verstom en gefrustreerd as ek luister hoe preke fokus op sogenaamde praktiese lessies oor hoe ons in hierdie wêreld moet lewe en hoe ons in hierdie lewe gelukkig of suksesvol kan wees – so al of dit die doel met ons geloof is. Intussen is die Drie-Enige God besig om Sy heerlikheid aan ons te openbaar deur Sy Seun se woorde en werke, wat bevestig word deur die getuienis van die Heilige Gees. Dis tog onverskoonbaar om net ligtelik oor die woorde en werke van die Seun heen te dobber. Ons behoort ons keer op keer hierin te verdiep. Dan kan ons verwag om onder die leiding van die Heilige Gees iets te leer ken van die volle wese van die onsigbare God – wat kan heerliker wees as dit?

Mag die Heilige Gees ons hiertoe toerus.